# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

22 Maart 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se Erediens
## 5de Sondag in Lydenstyd

*Kom reis saam hierdie Lydenstyd @ Hoogland*

Mag jy sommer tuis voel in die Hoogland Geloofsfamilie – Hoogland is 'n gemeente met warm harte wat omgee vir mekaar en vir elke besoeker. Kom maak gerus kennis ná die erediens by die Gemeentedienste-dame in die voorportaal (tafel by die hoofingang).

Jy is ook welkom om www.pehoogland.co.za te besoek of Annalize by die kerk-kantoor te kontak sodat ons kan kennis maak.

Neem gerus ook 'n *"Nuwe Intrekkers"*-koevert uit die brosjurevakkies.

# Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Deon Loots
GEEN GVG Groepe agv Gemeentekamp

*Deurkollekte: Martin de Lange*
*( … hy is 'n sendeling wat tans in Frankryk woon en daar help met sendingwerk)*

# Algemeen

## Program vir die week:

Dinsdag: 24 Maart
11:00 Gebedsaksie & Bybelstudie

Woensdag: 25 Maart
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:30 WOW

Vrydag: 27 Maart
05:15 Mannebediening
SKOLE SLUIT

Dis 'n voorreg om vir ds Deon Loots by Hoogland te verwelkom. Baie dankie vir die hier wees.

Di Pieter en Sunell is die naweek op die Gemeentekamp.

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

**Dankoffers**



## WIELE-VAN-HOOP vir BUFFELSFONTEIN

Soms raak God mense se lewens op die eenvoudigste maniere en ons kry die voorreg om deel daarvan te wees. Danksy dié omgee kan daar nou vier looprame met wiele (elk met 'n mandjie en sitplek) sowel as een loop raam met wiele (geen mandjie en geen sitplek) vir Buffelsfontein aangekoop word. Baie dankie vir geloof wat deur liefde tot dade oorgaan.

## Huwelikskursus

Paartjies wat beplan om voor Maart 2027 te trou, nooi ons uit om die huwelikskursus by Hoogland by te woon. Hierdie kursus vorm deel van die voorbereiding vir paartjies wie se huwelike deur een van Hoogland se leraars bevestig word. Die volgende kursus vind plaas op 15, 22 en 29 April en 6 Mei 2026, teen 'n onkoste van R 150 per paartjie. Kontak gerus die kerkkantoor om julle plek te bespreek.




By hierdie laaste Wyn op Woensdae in die reeks, staan ons doelbewus stil en sluit saam hierdie reis af.

*TEMA: Mindful* oor God.

Kom kuier saam en stap die laaste tree van die reeks saam met ons.

Asseblief jy moet by Leandra bespreek as jy wil kom saam luister!

## *Divorce Care* @ Hoogland

Partykeer bring die lewe mense op 'n pad wat niemand beplan het nie – ook die moeilike pad van egskeiding. As dit jou werklikheid is, onthou asseblief: jy is nie alleen nie.

Vanaf 21 April 2026 begin 'n nuwe *Divorce Care*-reeks @ Hoogland waar daar saam geluister, gedeel en genesing gesoek word.

Vir meer inligting, stuur gerus 'n *WhatsApp* boodskap aan:

Aletheia Botha - 060 839 5197.

## Ondersteun PE - Noord Gemeente

Het jy geweet NG Gemeente PE Noord se grootste bron van inkomste is 'n klein gemeente-winkeltjie waar hulle tweedehandse klere en huisware verkoop?
Sou jy ooit wonder wat om met "ou" klere of huisgoed te doen – hier is 'n eenvoudige manier om regtig 'n verskil te maak. Skenk dit gerus vir PE Noord. Dit help hulle om hul gemeente se bediening en instandhouding aan die gang te hou.
Die gemeente is ook op soek na leë plastiek koeldrank- of waterbottels met skroefproppe (330 ml, 500 ml, 1.5 L en 2 L). Hierdie bottels word gebruik om heerlike tuisgemaakte gemmerbier te bottel wat hulle verkoop om fondse te genereer vir die restourasie en instandhouding van hul kerkgebou.

Hoe kan Hoogland help?

- Skenk tweedehandse klere (en huisware na die basaar)
- Bring plastiekbottels met skroefproppe

Hou gerus Hoogland se WhatsApp en sosiale media dop – binnekort kan jy dalk ook 'n yskoue bottel tuisgemaakte gemmerbier koop... vir 'n baie goeie doel!


Paasfees 2026
VAN PALMSONDAG TOT OPSTANDINGSFEES
Toe Jesus verbykom…
Vier gewone mense langs die pad na die kruis
Palmsondag (Begin van die Heilige Week)
• Sondag, 29 Maart 2026 @ 09:00
… het iemand sy donkie gegee
Wit Donderdag (Wydingsnagmaal)
• Donderdag, 2 April 2026 @ 18:30
… het iemand sy bovertrek gegee
Swart Vrydag (Goeie Vrydag)
• Vrydag, 3 April 2026 @ 09:00
… het iemand die kruis help dra
Opstandingsfees (Paasfees)
• Sondag, 5 April 2026 @ 09:00
… het iemand die storie gaan vertel


Sonopkomsdiens
Sondag, 5 April 2026
Kom stiptelik om 05:30 voor Hoogland op die parkeerterrein bymekaar - ons vertrek saam van daar af na die Resevoir (Lovemore Heights) of Humble Ways vir die Sonopkomssdiens.
Onthou asseblief:
• Jou Flits
• 'n Kampstoel
• Jou koffie
• 'n Beskuitjie of "hot cross bun"
Opstandingsfees is om 09:00 in die Kerkgebou


Opstandingsfees
Sondag, 5 April 2026
Bring iets klein saam - 'n eenvoudige teken van nuwe lewe uit jou tuin, erf of huis. Iets wat wys hoe lewe weer begin groei.
Op dié manier word ons gewone, klein tekens saam 'n stille getuienis van lewe wat deurbreek.